

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEerde KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 16.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

26 April 2020

ELEKTRONIESE UITSENDING (5): Dr. Petrus Venter

Eerste erediens

LITURGIESE GEGEWENS

Preektema: Die godsdiens word aangetas; die mensdom kom in beroering; die natuur dreig om ineen te stort (Profetiese Rede Preek 2)

Skriflesing: Markus 13: 1 -13

Teks: **Markus 13: 5-8**

VOTUM: Ps. 121: 1, 2 ,4

TYDENS EREDIENS: Sb. 5-3 (8):1,2;
Ps. 72:1,11; Ps. 47:1,4; Sb. 15-8 (44):4,5

Preekskets:

Waar staan ek vanoggend met wat rondom ons aan die gebeur is en aan die verander is?! Verandering gebeur van alle kante en ek moet dit kan raaksien, kan verwerk en kan verreken. Dit wat ons vanoggend uit die Profetiese Rede na ons sien aankom, kom na ons van drie kante en dis waarby ons vandag moet stilstaan.

1. Jesus praat van hoe godsdiens in sy wese aangetas sal word.
2. Ons sien hoe die mensewêreld al meer in beroering kom.
3. Hoe God se skepping al meer dreig om in chaos ineen te stort.

Die erediens is Sondag-oggend 26 Apr. 2020 vanaf 8h00 op die YouTube kanaal beskikbaar. Ons sal dit ook op ander platforms laai. Die Video-link is <https://bit.ly/2VZTR9Y>

Klankopname sal ook DV Sondag in gemeente en op ons groep "Die Woord verby die duine" via WhatsApp uitgestuur word.

Tweede erediens

LEERPREDIKING (Sondag 1)

Preektema: Die aftreksom van my hare word die optelsom van God se genade

Skriflesing: Hooglied 6

Teks: **Hooglied 6:3**

SING: **Ps. 150:3**

Die erediens is Sondag-middag 26 Apr. 2020 vanaf 15h00 op die YouTube kanaal beskikbaar. Ons sal dit ook op ander platforms laai. Die Video-link is <https://bit.ly/35aciNC>

Klankopname sal ook DV Sondagmiddag in gemeente en op ons groep "Die Woord verby die duine" via WhatsApp uitgestuur word.

MOONTLIKE BEROEPING

dr. VE d'Assonville

Ons het nou verskillende male en op verskillende wyses die naam en omstandighede van dr. d'Assonville aan u as gemeente deurgegee. Die nodige skrywes en verbinteniswaartoe die Teologiese Skool waarby dr. d'Assonville tans betrokke is (RTS), is ook by verskeie geleenthede aan die kerksraad van Postmasburg deurgegee. Die kerksraad is van mening dat kragtens die ooreenkoms en bepalings soos in skrywes vermeld daar met die beroeping voortgegaan kan word.

So word die naam van dr. VE d'Assonville dan vir die tweede maal ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir beroeping.

As daar enige beswaar teen sy bevestiging voorgelê word moet die beswaar die voorzitter en of skryfster van die Kerksraad voor die einde van April 2020 bereik. Dit moet dan skriftelik geskied en kan gestuur word na ds@gksa-postmasburg.co.za. Ons het ook 'n stemming op WhatsApp waarby alle belydende lidmate kan deelneem en ons vertrou u daarin ook u stem en deelname sal toon dat daar met sekerheid met die proses voortgegaan kan word.

KOLLEKTES – Tyd van inperking -Covid 19- Virus

Vandag:

In die banke:

By die deure:

Sondag:

- In die banke:

By die deure:

Ons versoek ons lidmate om wel in die tyd hulle kollektes wat hulle sou gee of eenkant te sit en wanneer daar weer normale eredienste kan plaasvind, hierdie bydrae na die huis van die Here te bring. Anders kan u oorweeg dit elektronies oor te betaal en dan net aan Kerkkantoor uiteensit op watter wyse u u kollekte wil laat verdeel.

Ons is ook in die proses om by die diakonie vir SnapScan te regstreer. Registrasie is byna afgehandel... Ons versoek u om so lank op u selfone die SnapScan app by die Android playstore af te laai of as u Apple foon gebruik dan op u Mac platform. As u reeds u foon met toep ("app") toegerus het en klaar u besonderhede geregistreer het, dan sal dit maklik wees om met die scankode ("barcode") wat ons sal voorsien u bydrae hierdeur af te gee ...

WYK – DIENSBEURT (Tyd van inperking- Covid 19-Virus)

Vandag –

- **Ouderling:**

- **Diaken:**

- **Wyksusters:**

Volgende week –

- **Ouderling:**

- **Diaken:**

- **Wyksusters:**

MEELEWING

- Oudl. Jan Schoeman is ons saam met sr Magdalena en kinders dankbaar dat daar klein mate(s) van verbetering geskied. In sy geval is net die beweging van 'n been of arm al meer positiewe teken. Ons vertrou dat die Here hierdie hoop en vertroue sal bevestig en ons dink aan al sy geliefdes in hierdie sware tyd.
- Diak. Ferdie Nel se pa is met ernstige gesondheid terugslae in Klerksdorp in die hospitaal. Ons bid ook vir hom en sy kinders en geliefdes in hierdie tyd.
- Hartlike gelukwense aan diak en sr Johan en Marina Reinecke vir wie daar 'n verbondskindjie, Lisa gebore is. Mag sy vir julle baie vreugde beteken. Ons gelukwense ook aan die oupas en oumas vir wie die geboorte van die kindjie wonderlike vreugde beteken.

VERJAARSDAE

Maandag 27 April Annelie Williams

Maandag 27 April Zaan Meyer

Woensdag 29 April Cecile de Kock

Saterdag 2 Mei Devan van Aswegen

Maandag 4 Mei Colin Zietsman

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Die tyd van inperking sal daar geen eredienste mag plaasvind nie ...

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrogkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>
BEROEP ONTVANG: Ds DJ Malan (Danie) van GK Uitschot na GK Daspoort
BEROEP AANVAAR: Proponent J van Schaik (Hanno) na GK Burgersdorp
BEROEPE BEDANK: Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van GK Rustenburg-Noordoos na GK Totiusdal

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

In die Covis-19 tyd geen kerklike kategese nie.

Ons versoek wel die ouers om waar al die werk aan hulle beskikbaar is op ons webwerf dat hulle met hulle kinders die werk sal behandel en dat die katkisasie gewoon voortgaan. U kan dit alles by bogenoemde skakel aflaai. Ook die Psalmsang wat ons poog elke weeksoggend deur te gee bied ook geleentheid dat die kinders ook die Psalms hoor en kan die inhoud daarvan met hulle gedeel en verduidelik word. Ons wil graag deur die Psalms hiermee gaan.

KERKKANTOOR

Kerkkantoor is in die tyd van inperking gesluit. U kan wel vir sr Koos rondom administrasie en finansies op haar selfoon kontak by 082 821 2736. Haar e-pos aan huis is koose6@gmail.com

DORKAS- SUSTERS

BYBELSTUDIE

In die tyd van inperking sal daar nie Bybelstudie wees nie.

DOPPER KOMBUIS

GEMEENTEKAMP

Die gemeente-kamp moes vanweë die inperking in die Covis-19 tyd gekanselleer word.

ALMANAK 2020

KALENDER (JAARBEPLANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie <https://bit.ly/2W9sNWb>

U kan bloot die lêertjie as aanhangsel in 'n epos vir uself aanstuur. As u dan die lêer vanuit u epos oopmaak het u die funksie om dit in u elektroniese kalender af te laai en dan het u al die belangrike datums in u kalender ook afgelaai.

GLOmédia TV

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na www.glomedia.tv te gaan en aan te sluit.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondae om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV audiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za> Daar is ook webgrepe (potgoorie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Gedurende die tyd van inperking mag daar geen normale huisbesoeke plaasvind nie. As daar baie dringend met predikant geskakel moet word en daar 'n krisis bestaan dat hy u moet besoek, kontak hom dat die nodige reëlings en toestemming dan verkry kan word.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onsself daaroor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccwl>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Voorlopige beplanning rondom dr. Victor d'Assonville se beroeping en bevestiging en as die nodige toestemming verkry is dat ons hom op Saterdag 16 Mei sal bevestig en hy Sondag die 17de Mei sy intreepreek lewer. 'n Spesiale versoek in die verband word tans deur br. Willie Aucamp ons parlementêre verteenwoordiger in die Noord-Kaap aan die onderskeie ministerie gerig dat ons wel daardie naweek kerklik mag saamkom ... Ons vra ook u voorbidding in die verband.

Volgende kerkradsvergadering vind DV 20 Mei 2020 om 18h00 plaas.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571(Tans buite werking)

Kerkkantoor ure: (Tans gesluit)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en faceboek-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STASTISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	
Bydrae: Sustentasie GKSA	
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	

GEREFORMEerde KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippe moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na
admin@gksa-postmasburg.co.za